Wes-Kaap Onderwysdepartement
Neil Simons
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Neil.Simons@westerncape.gov.za | 021 467 2576

Lêerno.: 22/2/10
Verwysing: 20220317-785

Omsendbrief: 0016/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumonderstreuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike skole wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Kort opsomming: *Bevestiging van Dramatiese Kunste se jaarlikse assesseringsprogram.*

Onderwerp: Bevestiging van Dramatiese Kunste se jaarlikse assesseringsprogram vir skoolgebaseerde assessering vir graad 10 tot 12 in 2022

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief S6 van 2022 met 03 Maart 2022 as datum uitgereik, waarin die aangepaste Dramatiese Kunste se jaarlikse assesseringsprogram vir skoolgebaseerde assessering (SGA) vir graad 10 tot 12 in 2022 bevestig is.

2. DBO Omsendbrief S6 van 2022 moet saam met die verkorte Hoofstuk 4 van die Dramatiese Kunste van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring vir graad 10 tot 12 gelees word. Sien Bylae A vir Omsendbrief S6 van 2022.

3. DBO Omsendbrief S6 van 2022 vervang dus Dramatiese Kunste se jaarlikse assesseringsprogram soos in Omsendbrief S10 van 2021, met 28 Mei 2021 as datum, gemeld. Sien Bylae B vir die jaarlikse assesseringsprogram vir skoolgebaseerde assessering.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het aanpassings aan die WKOD se Dramatiese Kunste-rekordblaaie vir graad 10 tot 12 gemaak om die veranderinge in die omsendbrief in ag te neem.

5. Alle skole wat Dramatiese Kunste aanbied, moet die nuwe **Weergawe 2**-lêers vir graad 10 tot 12, wat nou op SOBIS beskikbaar is, aflaai en hierdie lêers gebruik om hulle punte vas te lê. Die weergawe se nommer sal op die rekordblad bokant die "Export"-knoppie aangedui word.

6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief en DBO Omsendbrief S6 van 2022 onder die aandag van alle Dramatiese Kunste-onderwysers en departementshoofde te bring.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-03-31